Oordenking
5 Augustus 2009

Het jy al jou kinders vir Jesus gegee?

Ons het verlede week uit 1 Sam 1 geleer dat ons met groot passie moet bid vir kerkleiers, vir Christenleiers wat van die Here afgebid is en wat deur die Here geroep is. Dis die enigste manier waarop ons groei en seën in sy werk en in sy Kerk kan verwag.

Samuel se ouers het 'n groot rol gespeel om hom vir sy taak om God se mense te lei, voor te berei. Wat het hulle gedoen? Reeds voor sy geboorte het sy ma, Hanna, die volgende eed gesweer:
(1Sam 1:11) "*Here, Almagtige, as U tog op my ellende wou let en aan my, u dienares, wou dink en my nie vergeet nie en aan my 'n seun gee, sal ek hom sy lewe lank aan U gee, en as teken daarvan sal sy hare nie afgesny word nie.*"

Hanna se wens was dat haar seun 'n nasireër moes wees. Nasireërs het 'n lewe van streng dissipline gelei en so was hulle versterk in hulle roeping om 'n besondere taak vir die Here uit te voer. Hulle het onder andere 'n eed afgelê om nooit enige alkohol te gebruik nie, nooit hulle hare te skeer nie en om lyke te vermy (wat jou seremonieel onrein maak.) (Num 6).

Getrou aan haar gelofte het Hanna die 3 of 4 jarige Samuel na Eli, die hoëpriester gebring, sodat hy verder in die tabernakel kon opgroei.

Hoeveel van ons wy ons kinders en kleinkinders aan die diens van God toe deur getrou vir hulle te bid, vir hulle die regte voorbeeld te stel en ook seker te maak dat hulle getrou by die Sondagskool en Tienerkerk is? Hoekom hou mense vir enige oppervlakkige rede hulle kinders uit die Sondagskool. Glo ons dan nie dat God deur sy Gees daar met hulle 'n afspraak het nie?

Hoeveel van ons gee nog met ons hele hart ons kinders vir die Here? Hoeveel van ons eie jongmense oorweeg dit om Jesus te volg en oorweeg dit om voltyds vir Hom te werk?

Baie min Christen ouers en oupas en oumas streef nog daarna dat hulle kinders eendag voltyds vir die Here sal werk. Eintlik is ons opvoeding daarop gemik om hulle in 'n materialistiese wêreld te laat inpas waar hulle baie aansien sal geniet. Maar wat is veiliger vir jou kind as om hom of haar vir God te gee? Net Jesus kan lei en beskerm.

Families het vroeër graag verwys na hulle kinders wat predikante en sendelinge geword het. Nou spog hulle met hoe ryk die kinders is. Nogtans weet ons dat niks so opwindend en uitdagend is soos 'n Christelike roeping nie. Daar het mens ten minste te doen met sake van ewige belang en raak jy mense se ewige bestemming.

As ons met passie bid vir Christen leiers, soos ons behoort te doen, voeg dan die daad by die woord en gee jou kind vir Jesus deur jou gebede, voorbeeld en deur hulle opvoeding om eendag vir Hom te werk.

Ek bid dat elke ouer gewillig sal wees om hulle kinders vir Jesus te gee. As ons regtig so bekommerd oor hulle is soos ons sê, waar kan hulle beter daaraan toe wees as in die diens van die Here.